**SKEDULERINGSTATUS: S3**

**FUROBE 40 mg TABLET**

Furosemied

Suikervry

**Lees hierdie hele blad noukeurig deur voordat u begin om FUROBE 40 mg TABLET te drink.**

- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- As u nog vrae het, moet u asseblief vir u dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgverskaffer vra.
- FUROBE 40 mg TABLET is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne vir ander mense gee nie. Dit kan hulle skaad, selfs al is hulle simptome dieselfde as u s'n.

**Wat in hierdie blad is**


1. Wat FUROBE 40 mg TABLET is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u FUROBE 40 mg TABLET drink
3. Hoe om FUROBE 40 mg TABLET te drink
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om FUROBE 40 mg TABLET te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting

## 1. Waarvoor FUROBE 40 mg TABLET gebruik word

FUROBE 40 mg TABLET behoort aan ’n groep medisyne bekend as diuretika (waterpille).

FUROBE 40 mg TABLET word gebruik om van oortollige vloeistof in die liggaam ontslae te raak, en vir die behandeling van hoë bloeddruk. Oortollige vloeistof kan onder sekere toestande opbou wat die hart, longe, niere of lewer kan aantas.

FUROBE 40 mg TABLET word gebruik om daardie vloeistof te verwyder deur te verseker dat u meer vloeistof uitskei.

## 2. WAT U MOET WEET VOORDAT U FUROBE 40 MG TABLET DRINK

**Moenie FUROBE 40 mg TABLET drink nie**

- as u hipersensitief (allergies) teenoor furosemied, swael of vir enige van die ander bestanddele in FUROBE 40 mg TABLET is.
- as u ’n niersiekte het.
- as u ernstige lewerprobleme het.
- as u swanger is of u baba borsvoed.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

**Wees besonder versigtig met FUROBE 40 mg TABLET**

- as u jig het
- as u sukkel om te urineer
- as u suikersiekte het
- as u aan dehidrasie ly
- as u sefalosporienantibiotika gebruik omdat nefrotoksisiteit (skade aan die niere) kan voorkom as dit saam met FUROBE 40 mg TABLET gedrink word
- as u hoë cholesterolvlakke het
- as u spierkrampe kry, het u dalk ’n kaliumryke dieet of kaliumbesparende medikasie nodig

- as u spierkrampe/spasmas het wat vererger kan word as gevolg van daling in kalsiumvlakke

**Ander medisyne en FUROBE 40 mg TABLET**

Sê altyd vir u gesondheidspraktisyn as u enige ander medisyne gebruik (waaronder aanvullende of tradisionele medisyne).

Wees versigtig as u enige van die volgende medisyne saam met FUROBE 40 mg TABLET gebruik:

- Medisyne wat vir hartprobleme gebruik word (soos digoksien)
- Antibiotika vir infeksies (bv. kanamisien, gentamisien, tobramisien) kan u gehoor affekteer en FUROBE 40 mg TABLET kan dit vererger indien dit saam gebruik word.
- FUROBE 40 mg TABLET kan die effek van medisyne vir diabetes verlaag
- Medisyne vir depressie (soos litium), medisyne vir asma (soos teofillien) en sommige spierverslappers en aspirienverwante medisyne. FUROBE 40 mg TABLET kan die effek daarvan versterk
- Medisyne wat bloeddruk verlaag (soos AOE-remmers of betablokkeerders). FUROBE 40 mg TABLET kan die effek daarvan versterk
- Medisyne vir inflammasie (NSAIM's), soos indometasien en asetielsalisielsuur, kan die werking van FUROBE 40 mg TABLET verswak en kan nierversaking veroorsaak as daar reeds 'n lae volume sirkulerende bloed in die liggaam is
- Toediening van **FUROBE 40 mg TABLET** saam met sukralfaat moet vermy word omdat sukralfaat die absorpsie van furosemied verminder en die effek dus verswak.

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**

As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om ’n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg voordat u hierdie medisyne drink.

Moenie FUROBE 40 mg TABLET gebruik as u swanger is nie.

FUROBE 40 mg TABLET moet nie deur borsvoedende vroue gedrink word nie.

**Motorbestuur en gebruik van masjinerie**

Moenie ’n voertuig bestuur of masjinerie hanteer as u lomerig voel of dowwe visie het nadat u FUROBE 40 mg TABLET gedrink het nie.

## 3. HOE OM FUROBE 40 MG TABLET TE DRINK

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.

Drink FUROBE 40 mg TABLET altyd presies soos wat u dokter of apteker aan u gesê het.

Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie.

Die gewone aanvangsdosis vir oormatige vloeistof is 40 mg in die oggend, maar vir instandhouding kan dit tot 20 mg per dag verminder word. U dokter kan besluit om u dosis verder te verhoog indien nodig.

Doserings wat 120 mg per dag oorskry moet as 2 of 3 aparte dosisse gedurende die dag gedrink word.

Die normale dosis vir die behandeling van hoë bloeddruk is 40 mg tot 80 mg per dag. U dokter kan ’n ander middel vir hoë bloeddruk voorskryf om saam met FUROBE 40 mg TABLET gedrink te word.

Kinders se dosisse is gewoonlik 1 tot 3 mg per kg liggaamsmassa. ’n Maksimum dosis van 120 mg per dag moet nie oorskry word nie.

**Gebruik van FUROBE 40 mg TABLET saam met voedsel en drank**

FUROBE 40 mg TABLET moet in die oggend met of sonder kos gedrink word.

U dokter sal vir u sê hoe lank u behandeling met FUROBE 40 mg TABLET sal duur. Praat met u dokter of apteker as u die indruk het dat die effek van FUROBE 40 mg TABLET te sterk of te swak is.

**As u meer FUROBE 40 mg TABLET gedrink het as wat u moes**

As u ’n oordosis gedrink het, is vloeistof- en elektrolietuitputting en dehidrasie die mees algemene simptome. Die behandeling van oordosering is aanvulling van water en elektroliete volgens urienuitset. Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of vergiftigingsentrum.

**As u vergeet om u FUROBE 40 mg TABLET te drink**

As u vergeet het om ’n dosis te drink, drink dit sodra u onthou. Drink u volgende dosis dan op die gewone tyd.

Moenie ’n dubbele dosis drink om vir vergete individuele dosisse op te maak nie.

## 4. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

FUROBE 40 mg TABLET kan newe-effekte veroorsaak.

Nie al die newe-effekte wat vir FUROBE 40 mg TABLET aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u FUROBE 40 mg TABLET drink, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg.

As enige van die volgende voorkom, moet u ophou om FUROBE 40 mg TABLET te drink en dadelik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:

- As u 'n erge allergiese reaksie ervaar [wat simptome soos veluitslag, inflammasie van bloedvate (wat koors, gewigsverlies en spier- en gewrigspyn veroorsaak), allergie vir lig, hoë koors en rooi kolle op die vel kan insluit].
- Skielike ontsteking van die pankreas wat gepaardgaan met erge pyn in die boonste buik, wat na die rug beweeg.

Hierdie is baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u 'n ernstige allergiese of ander tipe reaksie op FUROBE 40 mg TABLET gehad het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

Sê dadelik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal as u enige van die volgende opmerk:

- afname in die aantal witbloedselle. Tekens sluit in: koors, kouekoors, seer keel
- lae aantal selle betrokke by bloedstolling. Tekens sluit in: meer of erger kneusplekke as normaalweg, klein pers of rooi kolletjies onder die vel, neusbloeding of bloeiende tandvleis, swart of bloederige stoelgang, rooi of pienk urien
- 'n hoë vlak van siektebestrydende witbloedselle bekend as eosinofiele in die bloed
- minder rooibloedselle. Tekens is onder meer moegheid, bleekheid, swakheid
- lae vlakke kalsium en kalium in die bloed. Tekens is onder meer spierkrampe
- hoë vlakke bloedsuiker wat lei tot veranderde vlakke van bewussyn
- probleme met asemhaling
- dowwe visie
- veranderinge in die manier waarop u hart klop (as u byvoorbeeld opmerk dat dit vinniger klop)
- swak gehoor en gelui in die ore

- konstante tinteling in die ledemate wat 'n teken kan wees van swak bloedsirkulasie in die liggaam
- minder urien as wat normaal vir u is
- moegheid, vergeetagtigheid, sleepspraak en disoriëntasie veroorsaak deur lewerdisfunksie wat nie gifstowwe uit die bloed verwyder het nie

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag nodig het.

Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:

<u>Newe-effekte wat dikwels voorkom:</u>

- lighoofdigheid wanneer opgestaan word

<u>Newe-effekte wat minder dikwels voorkom:</u>

- naarheid, braking, diarree
- 'n droë mond en dors
- hardlywigheid
- inflammasie van die vel
- jig wat erge pyn en rooiheid in gewrigte veroorsaak, veral die groottoon
- moegheid

<u>Newe-effekte met onbekende frekwensie:</u>

- dehidrasie veroorsaak deur 'n gebrek aan water in die liggaam
- hoë vlakke cholesterol (vet) in die bloed
- duiseligheid
- floutes

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

**Aanmeld van newe-effekte**

Praat met u dokter, apteker of verpleegkundige as u newe-effekte kry. U kan newe-effekte ook by SAROGP ("SAHPRA") aanmeld met die toepaslike vorm, naamlik "**6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form**" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u meer inligting oor die veiligheid van FUROBE 40 mg TABLET gee.

## 5. HOE OM FUROBE 40 mg TABLET TE BÊRE

Bêre in 'n koel plek by of onder 25 °C. Beskerm teen lig.

lle medisyne buite bereik van kinders.

Moenie in die badkamer bêre om teen lig te beskerm nie.

Moenie die medisyne na die vervaldatum op die etiket gebruik nie.

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.

Ongebruikte medisyne moet nie in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

## 6. INHOUD VAN DIE PAK EN ANDER INLIGTING

**ELKE FUROBE 40 mg TABLET BEVAT**

**FUROBE 40 mg TABLET**

Die aktiewe bestanddeel is 40 mg furosemied per tablet.

Elke FUROBE 40 mg TABLET bevat 40 mg furosemied.

Die ander bestanddele is:

Ac-Di-Sol, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose, gesuiwerde talk, gesuiwerde water, natriumbikarbonaat, mieliestysel.

**Hoe FUROBE 40 mg TABLET lyk en die inhoud van die pak**

FUROBE 40 mg TABLET

Wit tot afwit tablet met 'n breeklyn op die een kant.

Houers met 30, 84, 250 of 5000 tablette. Pakke van verskillende pakgroottes reg vir die pasiënt.

**Houer van die registrasiesertifikaat**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Edms) Bpk

Lautreweg 14

Stromill, Uitbr. 1

Roodepoort

1724

**Hierdie blad is laas hersien in**

5 September 2021

**Registrasienommer**

FUROBE 40 mg TABLET - S/18.1/31

| | | |
|---|---|---|
| Namibië 30 of 250 ta | NS2 | 90/18,1/00371 |